## Meer as 2 miljoen belastingpligtiges onttrek van hulle spaarpot

**Tshwane, 31 Januarie 2025 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag aan dat hulle, tot op datum, 2 664 279 aansoeke ontvang het vir belastingaanwysings vir ontrekkings uit die spaargeldonttrekkingsvoordeel van die tweepotstelsel. Van dié totale aansoeke, is 2 403 379 belastingaanwysings goedgekeur vir fondse om vrygestel te word. Die res is vir verskeie redes afgekeur, insluitend foutiewe identiteitsnommers, foutiewe belastingnommers, onder andere.

'n Totale bruto enkelbedrag van R 43.42 miljard is tot op datum uitbetaal.

Ingevolge SARS se oogmerk vir belastingpligtiges om van digitale kanale gebruik te maak, is hulle bly om aan te kondig dat die gesimuleerde Whatsapp-sakrekenaar 90 283 keer gebruik is sedert die inwerkingstelling daarvan. Die gesimuleerde sakrekenaar op die SARS-webtuiste, wat deel van die SARS-aanlynnavraagstelsel uitmaak, is 952 403 keer gebruik. SARS het ook 128 802 navrae deur die stemkanaal ontvang en 24 278 by takke.
Belastingpligtiges word aangemoedig om vol te hou met die gebruik van die digitale kanale wat eenvoudig, maklik en gebruikersvriendelik is. Die gebruik van hierdie kanale beteken dat belastingpligtiges nie hul huise of werksplekke hoef te verlaat om in verontwaardigende toue te staan nie.

SARS wil aftreefondsbestuursentiteite bedank vir hulle vriendelike en professionele samewerking wat SARS in staat gestel het om hul rol doeltreffend te vertolk deur spoedig die nodige volumes belastingaanwysings tot op datum uit te reik.
SARS herinner belastingpligtiges, wat vir 'n onttrekking wil aansoek doen, om seker te maak dat hulle hul belastingnommers verifieer, die korrekte identiteitsnommers verskaf en dat hulle nie uitstaande skuld by SARS het nie.

Na 'n geregistreerde belastingpligtige aansoek gedoen het, lig 'n suksesvolle belastingaanwysing die fondsbestuur in hoeveel belasting om van 'n onttrekking af te trek. Aanwysingaansoeke word 24 uur per dag deur SARS aanvaar en binne 'n uur geprosesseer, 365 dae 'n jaar van 08:00 tot 19:00. Tensy 'n aanwysingaansoek buite hierdie ure ingedien word, sal die antwoord binne 'n uur aan die fonds gestuur word, mits die belastingpligtige nakomend is.

Voor 'n finale bedrag aan die aansoeker uitbetaal word, sal die pensioenfonds instruksie ontvang om ook enige uitstaande skuld namens SARS af te trek voordat enige uitbetaling aan die lid betaal word. Indien 'n persoon 'n skuldreëling met SARS het, sal die onttrekking nie geaffekteer wees nie. Indien skuld aan SARS verskuldig is, sal dit ingevolge sodanige reëling afgetrek word.

Belastingpligtiges word herinner dat belasting op 'n onttrekking gehef sal word teen 'n marginale belastingkoers van 18 - 45%, afhangende van die belastingpligtige se skaal.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê: "SARS is diep bekommerd dat 213 654 belastingpligtiges geïdentifiseer is wat foutiewe belasbare inkomste verklaar het met die hoop op 'n meer gunstige belastingkoers. As 'n belastingpligtige

hulle inkomste onderverklaar, is hulle willens en wetens betrokke by die ontduiking van hulle belastingverpligtinge. 'n Boete sal gehef word op belastingpligtiges wat hulle inkomste onderverklaar het. Ek wil belastingpligtiges waarsku om hulle van sulke optrede, wat grens aan misdadigheid, te weerhou. Daar is daadwerklike nagevolge vir sulke optrede".

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by SARSMedia@sars.gov.za.